Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

Finance Division | Icandelo Lezemali
Finansies Afdeling

# 2026 REGISTRASIE - INLIGTING OOR STUDENTEGELDE

*Hierdie dokument geld slegs vir Suid-Afrikaanse studente met permanently verblyfpermitte*

1. **Registrasie datums vir 2026**
   Die Registrateur se kantoor sal die registrasiedatums vir 2025 in 'n aparte kennisgewing kommunikeer.

2. **Betalingsdatums vir studie en akkommodasie gelde vir 2026**
   Let asseblief daarop dat die eerste verpligte betaling van gelde met die volgende vervang is*:

| **SA BETALINGSPLAN** | | **DEBIETORDER BETALINGSPLAN** | |
|---|---|---|---|
| **Sperdatum vir betaling** | **% van totale gelde betaalbaar** | **Debietorder invorderingsdatum** | **% betaalbaar vir debietorder** |
| 28 Februarie | 20 | 2 Maart | Tien (10) gelyke maandelikse paaiemente |
| 31 Maart | 20 | 1 April | |
| 30 April | 20 | 5 Mei | |
| 31 Mei | 20 | 1 Junie | |
| 30 Junie | 5 | 1 Julie | |
| 31 Julie | 5 | 3 Augustus | |
| 31 Augustus | 5 | 1 September | |
| 30 September | 5 | 1 Oktober | |
| 31 Oktober | - | 2 November | |
| 30 November | - | 1 Desember | |

**Vir nagraadse studente sal die eerste 20%-paaiement in die maand van registrasie van toepassing wees.*

Debietorders sal ingevorder word op die eerste (1ste) besigheidsdag van die daaropvolgende maand.

Geen afsonderlike studenterekening sal tydens registrasie versprei word nie. Ons sal die bedrae betaalbaar per maand vertoon op die studenterekening wat ons maandeliks voor die einde van die maand versprei.



Student Fees | Iintlawulo Zabafundi | Studentegelde
+27 21 808 3530 | studentegelde@sun.ac.za | www.su.ac.za
Private Bag X1 | Privaat Sak X1 | Matieland 7602 | South Africa | eMzantsi Afrika | Suid-Afrika

Die eerste studenterekening sal slegs beskikbaar wees nadat die registrasie periode afgehandel is. Ons sal dit binne die week waarin registrasie sluit, stuur na die fooibetaler se epos adres, soos geregistreer op die student se profiel op SUNStudent.

**Kontantlose betalings**

Ons wil graag onder jou aandag bring dat die Universiteit tans uitdagings in die gesig staar, wat verband hou met betalingsverwysings wat op bankwebwerwe ingevoer word.

Vir vinniger en foutvrye betalingsverwerking, beveel ons aan dat jy eerder **betalings direk op die Universiteit se webwerf maak.** Dit verseker onmiddellike verwysingsvalidering en behoorlike toewysing na jou studentegelderekening. Jou samewerking word waardeer vir 'n beter betalingservaring.

**Aanlynbetalings (EFT of kredietskaart) via die SU (Stellenbosch Universiteit) webtuiste** (https://web-apps.sun.ac.za/student-fees-pay/#/home)

Om die betaling op die Studentegelde gedeelte van die US webtuiste te maak, volg asseblief hierdie riglyne:

1. Tik in die navigasiebalk: www.su.ac.za.
2. Klik op **Gelde.**
3. Kies **Aanlynbetaling van studentegelde.**
    - Volg die instruksies en betaal met kredietkaart of "EFT" (elektroniese geld-oordrag)

**Voordeel van aanlynbetalings:** Die kwitansie is onmiddellik beskikbaar, dus is daar nie 'n vertraging gedurende die registrasietyd met die betaling van die verpligte eerste paaiement/e nie, ook nie later met die bekendmaking van die eksamenuitslae nie.

Onthou asseblief om altyd jou unieke 8-syfer SU studentenommer as betalingsverwysing te gebruik.

**SnapScan**

SnapScan is 'n mobiele applikasie waarmee jy kontantlose betalings kan maak. Die binne-toep betalings meganisme is vir studente beskikbaar om hulle rekeninge te betaal deur die QR kode te skandeer, wat op die Studentegelderekening ingebed is. Let asb dat die QR kode nie student spesifiek is nie en dat die **SU studentenommer steeds ingesleutel moet word om akkurate allokasie na die korrekte studente rekening mee te bring.**



Student Fees | Iintlawulo Zabafundi | Studentegelde
+27 21 808 3530 | studentegelde@sun.ac.za | www.su.ac.za
Private Bag X1 | Privaat Sak X1 | Matieland 7602 | South Africa | eMzantsi Afrika | Suid-Afrika

3. **Geen uitstaande gelde tydens registrasie**
   Neem asseblief kennis dat alle agterstallige bedrae vereffen moet wees voordat 'n student vir 2026 mag registreer. Let asseblief daarop dat die Universiteit nie enige afbetalingsooreenkoms oor uitstaande skuld mag sluit nie.

4. **Debietorders**
   Aansoeke vir 'n debietorder-betaalopsie **sluit op 14 Februarie.**

   Die debietorder vorm (DOF) kan afgelaai word op die webtuiste: www.su.ac.za, onder **Gelde** > **Betalingsopsies en Metodes**, of deur 'n diensversoek aan te meld deur ons US dienstoonbank* via https://servicedesk.sun.ac.za/jira/servicedesk/customer/user/login?destination=portals. Nadat jy aangeteken het, selekteer **Student Finances** > **Student Fees** > **Make Debit Order Payment Arrangement** en voltooi die kaartjie.
   **Net in Engels beskikbaar*

   Aansoeke na 14 Februarie sal oorweeg word onderhewig aan 'n voorafbetaling van die minimum debietorderbetalings wat betaalbaar sou wees teen 1 Maart.

   Indien die volle studenterekening van Afrikaans studente voor 31 Maart vereffen word, kan daar aansoek gedoen word vir 'n 3% afslag op die onderriggeld-komponent.

   Let asseblief daarop ***dat jy nie self die korting mag bereken alvorens die rekening vereffen word*** *nie*. Studentegelde sal die nodige krediet op jou rekening plaas. (Sien ook die voorwaardes soos uiteengesit in die Universiteit Studentegelde Jaarboek). **Die afsnydatum om die 3% korting aansoek in te dien, is 30 September.**

   **Internasionale studente - ingesluit nie-residensiëke studente - en Namibiërs,** is verantwoordelik vir die volle vereffening van onderriggelde op die dag van registrasie.

5. **Aktivering van Studentekaart vir 2026**
   Studentekaarte kan slegs vir 2026 uitgereik/geaktiveer word indien die volle 2025-studenterekening vereffen is.

   Blokke sal slegs gelig word vir die aktivering van 'n studentekaart indien die volle 2025-rekening vereffen is en die student bewys van een die volgende kan lewer:
   - 'n Eksterne beurs (nie US) wat op die briefhoof van die befondser aandui dat die befondser die eerste verpligte betaling vir studie- en inwoningsgelde sal betaal. US-beursstudente hoef nie 'n bewys te lewer nie. Hulle kan direk ná registrasie hul kaarte aktiveer. Stuur asseblief alle bewyse van beursdokumentasie aan Studentegelde by
     https://servicedesk.sun.ac.za/jira/servicedesk/customer/user/login?destination=portals.



Student Fees | Iintlawulo Zabafundi | Studentegelde
+27 21 808 3530 | studentegelde@sun.ac.za | www.su.ac.za
Private Bag X1 | Privaat Sak X1 | Matieland 7602 | South Africa | eMzantsi Afrika | Suid-Afrika

Sodra jy aangeteken het, klik op **Student Finances** > **Student Fees** > **General Enquiry** en voltooi die kaartjie.

- ʼn Amptelike bewys van ʼn polis wat nog in die 2026 akademiese jaar uitbetaal gaan word en wat voldoende is om die eerste paaiement te dek.
- ʼn Lening (soos ʼn banklening, Fundi, Manati, of studielening) waarvan die leningsbedrag voldoende is om die eerste paaiement te dek, asook ʼn aanduiding van die datum wanneer dit inbetaal sal word.

6. **Staking van studies voor 31 Maart**
   Indien ʼn student se studies gestaak word voor of op 31 Maart, word alle studentegelde teruggeskryf. Koshuisstudente sal aanspreeklik bly vir die inwoningsgeld totdat die koshuisspasie gevul is.

**Baie dankie vir jou betalings gedurende 2025.**

**FINANSIES AFDELING: STUDENTEGELDE**

**Kantoorure vir navrae** Maandae tot Vrydae, 08:00 - 16:30
**Telefoonnommer tydens registrasie 021 808 3530**
**E-posadres (Studentegelde)** studentegelde@sun.ac.za - let asseblief dat hierdie automaties ‘n versoek sal genereer op die SU dienstoonbank.